Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# ARBITRASIE TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG

## DIE 1899-KONVENSIE VAN DEN HAAG

Die idee van 'n internasionale vredesbyeenkoms het in 1898 vanaf Russiese kant gekom. Op 24 Augustus 1898 het die Russiese minister van Buitelandse Sake in die naam van tsaar Nicholas II 'n brief aan alle diplomatieke verteenwoordigers in St. Petersburg gerig waarin 'n vredeskonferensie voorgestel is.

Hierdie brief is op 11 Januarie 1899 opgevolg met 'n brief waarin agt besprekingspunte voorgelê is: die sogenaamde manifes van die tsaar.[1] Die voorstel is allerweë as edelmoedig en humaan aangeprys en ses-en-twintig state het volgens onderlinge ooreenkoms op 18 Mei 1899 in Den Haag saamgekom om diverse aspekte van oorlogspraktyke te bespreek.



**Foto: Nederland Cultuurhistorisch Instituut**

**Huis ten Bosch waar die internasionale vredeskonferensie in 1899 gehou is. Aanvoorwerk vir die bou van die huis het op 15 Junie 1645 begin.**

Tussen die talle verteenwoordigers uit die Ooste en die Weste wat in die idilliese skoonheid van die Oranjesaal in die Huis ten Bosch vergader het, het afgevaardigdes van die twee Boererepublieke in Suid-Afrika ontbreek.

Waar, so kan geredeneer word, hulle op dié tydstip 'n krisis met betrekking tot Engeland in die gesig gestaar het, sou hulle ongetwyfeld belang gestel het in 'n verdrag om die beslegting van internasionale geskille.

1. A. H. Fried, Die Haager Conferenz: ihre Bedeutung und ihre Ergebnisse. Berlyn, 1900; S. B. Spies, The Hague Convention of 1899 and the Boer Republics. **Historia,** No. 1, 1970, p. 43.

Die twee Boererepublieke is ewenwel nie na die Haagse besprekings uitgenooi nie. Die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, W. H. de Beaufort, het — aldus P. R. Botha[2] — vermoed dat Engeland nie aan die konferensietafel sou aansit indien die Boererepublieke uitgenooi word nie. Hierdie opvatting is deur sy Duitse en Russiese ampsgenote gedeel en na aanleiding van 'n geheime briefwisseling tussen De Beaufort en C. van Boeschoten het die regerings van die Zuid--Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat besluit om geen stappe in dié verband te doen nie. Die Boererepublieke het besef dat 'n amptelike weiering om hulle toe te laat, 'n diplomatieke neerlaag sou beteken en het daarom nie aansoek gedoen om toelating nie. Volgens St. John Brodrick, ondersekretaris vir Buitelandse Sake, is die kwessie nooit aan die Britse Regering voorgelê nie.[3]

Die Kongres het tot 29 Julie 1899 gesit. In 'n gees van vredeliewende samewerking, sonder die harde woorde wat dikwels politieke byeenkomste kenmerk — aldus die tweede Franse afgevaardigde Baron D'Estournello de Constant[4] — is daar nie in geslaag om oorlog af te skaf of bewapening aan bande te lê nie maar die kongresgangers het wel 'n basis van ooreenkoms bereik vir internasionale samewerking ten opsigte van ses afsonderlike verdrae. Dit het gegaan om:

1. Die verdrag vir die vreedsame beslegting van internasionale geskille.
2. Die verdrag betreffende die wette en gebruike van die landoorlog.
3. Die verdrag betreffende die toepassing op die see-oorlog van die Konvensie van Genève van 22 Augustus 1864.
4. Die verklaring insake die verbod om projektiele of ontplofbare stowwe uit ballonne "of op dergelijke nieuwe wijzen" te gooi.
5. Die verklaring insake die verbod om projektiele, gevul met verstikkende of giftige gasse te gebruik.
6. Die verklaring waardeur die gebruik van koeëls wat in die menslike liggaam uitsit of vervorm verbied is.

Die laaste drie verdrae is onder andere nie deur Engeland onderteken nie.[5] Hierdie ooreenkoms sou by herhaling publisiteit geniet in die daaropvolgende jare vanweë die toepaslikheid van die verskillende verdrae op krygsoperasies gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog.

## ARBITRASIE

"If you wish to gain your ends by force, you must be strong; if you wish to gain them by negotiation, you must be twice as strong." Adolf Hitler aangehaal deur F. L. Schuman, International Politics, p. 174.

Die belangrikste uitvloeisel van die Den Haag byeenkoms was sekerlik die feit dat daar vir die eerste keer in die geskiedenis 'n poging aangewend is om 'n internasionale organisasie in die lewe te roep met regeringsteun, om oorlog te bekamp. 'n Permanente Hof van Arbitrasie is naamlik saamgestel met die doel om "zooveel mogelijk te voorkomen, dat in de betrekkinge tusschen de staten onderling tot geweld wordt overgegaan, komen de onderteekend hebbende mogendheden overeen om pogingen in het werk te stellen om de vreedzame beslechting van internationale verschillen te verzekere."[6]

Die doelwit was lofwaardig maar steeds 'n ideologie wat binne drie maande die eerste tekens van mislukking moes aanskou toe die Tweede Anglo-Boereoorlog uitbreek. Reeds voor die oorlog is daar pogings aangewend om die geskil met Engeland vreedsaam te besleg. Die totstandkoming van die Permanente Hof van Arbitrasie is dan ook deur die publiek as 'n positiewe stap in die regte rigting verwelkom. Toe dit in 1899 te berde gekom het, het mnr. Chamberlain reeds op 27 Julie 1899 (Britse Blouboek C9518, p. 11) beslis dat hy alleen tot arbitrasie kon toestem indien die kwessie van soewereiniteit buite bespreking gelaat word en hierdie vereiste was weer vir die twee republieke nie aanvaarbaar nie.

2. P. R. Botha, Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek ander Krüger en Leyds, p. 761 **ens.** Amsterdam, 1925.
3. Spies, **op. cit.**, p. 45; Botha, **op. cit.**, p. 672.
4. Fried, **op. cit.**
5. Spies, **op. cit.**, p. 46.
6. Titel I, artikel I van die **Verdrag voor de Vreedzame Beslechting van internationale geschillen**, p. 25, L. A. Band 97, p. 163.

Die aangeleentheid is deur Francis Parker verder opgeneem in 'n vlugskrif, **Arbitration or war?** wat in London gepubliseer is. Hy sluit af met die gedagte, "If we are in the right, why should we fear arbitration?" Arbitrasie as oplossing om oorlog te voorkom het egter beperkte moontlikhede. B. Emeny en H. F. Simonds som die posisie raak op as hul skryf" . . . the Hague Conference . . . came to grief because nations whose policies were irreconcileable were unwilling to consent to curtailment of the means by which they had to pursue these policies."[7] Daar was vir sulke nasies uit juridiese oogpunt beskou geen alternatief nie want, "To compel a state to abandon its policy it is necessary to muster a force decisively superior to the force of that state."[8]

Toe die Boererepublieke in 1900 by die Europese moondhede aanklop om vreedsame beslegging van die geskil met Engeland het lord Salisbury van die Britse Kantoor van Buitelandse Sake verklaar dat geen inmenging van 'n derde party geduld sal word nie en daarmee die mond gesnoer van alle ondertekenaars van die Konferensieooreenkomste.

Die republieke, diep onder die besef van hul onmag teenoor Engeland, wou nie aanvaar dat geen Europese moondheid hulle sou help nie. Op 10 Maart 1900 is daar geloofsbriewe uitgereik aan 'n deputasie na Europa en Amerika om "met buitelandsche mogendheden te onderhandelen en overeen te komen met het doel de interventie of bijstand van een of meer hunner . . . te verkrijgen en de vrijheid en onafhanklikheid der beide republieke te behouden . . ."[9]

Lord Salisbury se uitspraak het egter die sending se opdrag in die kiem gesmoor. Van owerheidsweë kon hulle geen hulp te wagte wees nie en het in werklikheid, selfs ten spyte van pres. Kruger se segetog deur Europa later die jaar, offisieel niks bereik nie behalwe om die publiek se steun ten gunste van die Boeresaak te verkry. Selfs die openbare mening het in regeringskringe niks vermag nie. By geleentheid het pres. Kruger boerboontjies geëet wat vir hom snaaks gesmaak het. Hy het dit pro-Boerboontjies genoem en gesê dat dit na niks bekend smaak nie, soos die pro-Boere wat niks uitvoer in hul pogings om die oorlog te beëindig nie.[10] Op 9 April 1901 het W. H. de Beaufort in sy

7. H. F. Simonds en B. Emeny, The great powers in world politics, p. 622. New York, 1939.
8. **Ibid.**, p. 159; M. Greenspan, The modern law of land warfare, p. 316. Los Angeles, 1959.
9. Staatsargief, Bloemfontein, Fischer-versameling. Geloofsbriewe, 59/3/1; Staatscourant. 2-4-1900. A77/20.
10. A. G. Oberholster, Dagboek van H. C. Bredell 1900-1904, p. 74. Pretoria, 1972.




**Foto: Nederland Cultuurhistorisch Instituut**

**Afgevaardigdes by die samesprekings in die Oranjesaal van Huis ten Bosch**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

hoedanigheid as eerste voorsitter van die Raad van Beheer van die Permanente Hof van Arbitrasie aan dr. Leyds berig dat die hof gekonstitueer is.[11] Hy wys verder daarop dat die jurisdiksie van die Hof uitgebrei is om ook nie-ondertekenaars van die verdrag van diens te wees. Tot hierdie Raad sou die deputasie hul skrede wend om die oorlog te beëindig.

## VERGISSING

Die Suid-Afrikaanse afvaardiging in Europa bestaande uit dr. W. J. Leyds, mnre. A. Fischer, A. D. W. Wolmarans en C. H. Wessels het onmiddellik na ontvangs van die heer De Beaufort se brief die artikels van die 1899 ooreenkoms bestudeer en 'n aansoek om arbitrasie vir die Hof voorberei. Die insameling van inligting het etlike maande geduur sodat die aansoek amptelik eers op 10 September 1901 aan die Raad van Beheer oorhandig is. In die brief, wat in samewerking met prof. Asser opgestel is,[12] word verwys na art. 26 van die verdrag waarin vermeld word dat die dienste van die hof ook tot die beskikking was van nie-ondertekenaars van die ooreenkoms.

Hulle vermeld 'n vorige aansoek om internasionale arbitrasie waarin onder andere uitspraak gevra is oor die Britse bewering dat die Republieke die Engelse elemente wou onderdruk en uit Suid-Afrika verjaag. Verder het hulle uitspraak begeer oor die kwessie of die republieke hulle aan enige gedrag skuldig gemaak het waarvolgens hulle die reg op onafhanklikheid kon verbeur. Die afvaardiging het ook beweer dat Engeland agtien van die sestig artikels oor landoorloë oortree het.[13]

Deur hierdie stap het die Suid-Afrikaanse afvaardiging in Europa verder uitvoering gegee aan hulle opdrag om alles in die stryd te werp om 'n regverdige beslissing van hul saak te kry. Tog moes hulle getwyfel het of hul aansoek positiewe vrugte sou dra want aan die Hof is geen bevoegdheid verleen om arbitrasie van enige geskil afdwingbaar te maak nie. Die Nederlandse regering het dit in 1899 as teenstrydig met die Monroeleer van geen intervensie beskou terwyl Duitsland, België, Italië, Oostenryk en Rusland ook beswaar daarteen aangeteken het.[14]

Die Franse afvaardiging het tevergeefs probeer om die Hof met meer mag te beklee maar dit was onmoontlik om dit te bewerkstellig sonder om bevoegdheid daaraan te verleen wat nie op inmenging in landsake sou neerkom nie. Die afgevaardigdes was gekonfronteer met die verwarring wat bestaan het oor die verskil tussen arbitrasie wat inherent 'n vrywillige prosedure is en beregting. Daarby steek daar ook baie waarheid in F. L. Schuman se opinie dat die totstandkoming van die hof beslis baie meer publisiteit geniet het as wat sy werklike belangrikheid geregverdig het. Die instelling was niks anders as 'n lys van bevoegde arbiters wat deur alle ledelande benoem is en wie se dienste deur bemiddeling van 'n permanente sekretariaat tot beskikking van nasies gestel is nie.[15]

Weke het verbygegaan voordat die deputasie 'n antwoord op hulle aansoek ontvang het. Uiteindelik het dr. Leyds hom persoonlik na die voorsitter van die Raad van Beheer van die Hof van Arbitrasie gewend waartydens hy toe meegedeel is dat die voorsitter opdrag ontvang het om die Raad se besluit mondelings aan hom oor te dra. Die Raad wat op 20 November vergader het om die aangeleentheid te bespreek, het tereg beslis dat art. 28 van die ooreenkoms uitsluitlik administratiewe bevoegdheid aan die Raad opgedra het.[16] Die Raad kon gevolglik nie Engeland byvoorbeeld verwittig van die Suid-Afrikaanse aansoek en 'n versoek om arbitrasie aan eersgenoemde rig nie. Die Engelse en Suid-Afrikaanse regerings sou hieroor moes ooreenkom en dan, so wil dit voorkom, die Raad gesamentlik nader om arbitrasie.

## DIE AANSOEK OM ARBITRASIE ONDER DIE VERGROOTGLAS

Mnr. Chamberlain het reeds in Julie 1899 verklaar dat Engeland nie tot arbitrasie sou toestem nie tensy die netelige kwessie van die soewereiniteit van Transvaal buite bespreking gelaat word. Die Suid-Afrikaanse Republiek was op sy beurt weer juis begerig om oor die kwessie van sy onafhanklikheid finaal uit-

11. W. J. Leyds, Vierde verzameling (Correspondentie 1900-1902) deel I, eerste band, No. 180.
12. W. J. Leyds, Vierde verzameling (Correspondentie 1900-1902) deel I, tweede band, p. 378. Dordrecht, 1934.
13. L. A. Band 97, lêer G.Z.R. 2028/02.
14. Het beroep van de Zuid-Afrikaansche Republieken op het arbitragehof. **Vaderland**, 16-9-1901. L. A. Band 97, lêer G.Z.R. 5165/01, waarin G.Z.R. 5207/02; F. L. Schuman, International politics, p. 187. New York, 1941.
15. Schuman, **op. cit.**, p. 188.
16. W. J. Leyds, **op. cit.**, deel I, tweede band, No. 491.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

sluitsel te kry. Sedert 1899 het die posisie in beide republieke drasties verander maar dit was nogtans nie vir die twee partye moontlik om ooreen te stem oor die gronde waarop hulle arbitrasie verlang nie. Arbitrasie as 'n middel om die oorlog te voorkom of te stop was dus onmoontlik. Daarby stipuleer artikel 26 van die ooreenkoms van Den Haag uitdruklik dat arbitrasie alleenlik oorweeg sal word indien die partye ooreengekom het om hulle tot die Hof te wend.[17]

Die Russiese koerant **Novoe Vremya** het op 8 Augustus sy bedenkinge uitgespreek oor die kwessie of intervensie in Suid-Afrika moontlik is.[18] Kort hierna het 'n pro-Boere afvaardiging graaf Lamsdorf, Russiese minister van Buitelandse Sake, gepols oor die kwessie.[19] Die graaf was die pro-Boere simpatiek gesind maar ook hy het die mening uitgespreek dat intervensie onmoontlik was en dat die Den Haag Konferensie nie voorsiening gemaak het vir 'n eensydige aansoek om arbitrasie nie.

Nadat die deputasie se aansoek algemeen bekend geword het in diplomatieke kringe, het die Britse diplomaat in Den Haag raadslede van die Raad van Beheer gepols oor die aangeleentheid. Aan hom is reeds voor 18 September 1901 meegedeel dat die Raad nie bevoeg is om die saak te hanteer nie:[20] 'n opinie wat tydens die sitting op 20 November uitgespreek is deur beide die Russiese en Franse afgevaardigdes. Dit is egter duidelik dat die gesante die onmag van die Raad om instrumenteel te wees in 'n poging om die oorlog te stop, diep betreur het en die algemene begeerte na groter gesag op internasionale gebied ten einde vrede te handhaaf is duidelik te bespeur.[21]

17. L. A. Band 97, **Verdrag voor der vreedzame beslechting van internasionale geschillen,** p. 30.
18. Mikrofilm A 287, F.O. 2, Rusland, vol. 510, lêer 10/15. Brief van sir C. Scott op 21-8-01 aan lord Lansdown.
19. Mikrofilm A 287, F.O. 2, Rusland, vol. 510, lêer 10/12. Mnr. Hardinge op 18-10-01 aan die Sekretaris van Buitelandse Sake, Engeland.
20. Mikrofilm A 285, F.O. 2, Nederland, vol. 505, p. 14. Sir H. Howard op 26-9-01 aan lord Salisbury.
21. Leyds, **op. cit.**, deel I, tweede band, No. 491 voetnoot.



**Foto: Nederland Cultuurhistorisch Instituut**
**Detail en muurskilderinge met mitologiese voorstellings deur C. Britsé, T. van Tulden, L. Lievense en C. van Everdingen in die Oranjesaal, Huis ten Bosch. Bokant die deur is 'n voorstelling van die geboorte van Frederik Hendrik gemaal van Amalia van Solms op wie se instruksies al die kunswerke uitgevoer is**

## INTERNASIONALE STATUS VAN DIE TWEE REPUBLIEKE

Vandag en na twee wêreldoorloë is die internasionale reg wat geld in geokkupeerde gebiede goed gedefinieer maar dit was geensins die geval in 1900 nie. Met die Den Haag Konfensie van 1899 is wel 'n ooreenkoms bereik[22] maar dit het nie onsekerheid oor die saak uit die weggeruim nie sodat die internasionale status van die republieke na die anneksasies blykbaar met groot stilswye deur Europese moondhede gadegeslaan is. Prakties gesproke kon geen geregshof die deputasie se aansoek hanteer sonder om die statuskwessie eers op te los nie want dit was belangrik om die regsverhouding tussen die twee partye vas te stel.

## AANSOEK OM ONDERSOEK NA BEWEERDE OORTREDINGS VAN DIE REGLEMENTE OOR LANDOORLOË

Die deputasie se aansoek om 'n regsbeslissing oor die sogenaamde agtien artikels van die Den Haagse Konfensie wat deur Engeland oortree is, het hoofsaaklik berus op verslae van wanpraktyke wat in koerante of vlugskrifte[23] gepubliseer is.

Sódanige berigte was dikwels gebaseer op eensydige getuienisse van waarnemers wat dikwels nie met die ware feite bekend was nie en dus kwalik afdoende getuienis wat vir enige geregshof aanvaarbaar kan wees. Daar het ook van tyd tot tyd briewe by die deputasie aan kantoor gekom waarin oor onreëlmatighede gekla is. Volgens inligting op die wyse ingesamel het die deputasie beswaar aangeteken teen die volgende artikels:

Art 4 — De krygsgevangenen zijn in de macht van die vijandelijke Regeering, maar niet van de personen of legerafdeelingen, die hen gevangen hebben genomen.
Zij moeten met menschlievendheid worden behandeld. Alles wat hun persoonlijk toebehoort, uitgezonderd wapenen, paarden en militaire papieren, blijft hun eigendom.

Art 5 — De krijgsgevangenen kunnen worden onderworpen aan interneering in eene stad, vesting, kamp of welke andere plaats ook, onder gehoudenheid zich vandaar niet buiten zekere vastgestelde grenzen te verwijderen; maar zij mogen niet worden opgesloten dan bij wege van onvermijdelijken veiligheidsmaatregel.

Art 7 — De Regeering, in wier macht de krijgsgevangenen zich bevinden, is belast met hun onderhoud.
Bij gebreke van eene bijzondere schikking tusschen de oorlogvoerenden, zullen de krijgsgevangenen, wat voeding, ligging en kleeding beheft, op denzelfden voet behandeld worden als de troepen der Regeering, die hen gevangen genomen heeft.

Art 14 — Dadelijk bij den aanvang der vijandelijkheden, wordt in ieder der oorlogvoerende Staten, en in die neutrale landen bij aldien deze oorlogvoerenden op hun gebied zullen hebben toegelaten, een Bureau van inlichtingen nopens de krijgsgevangenen worden ingesteld. (Hier volg die funksies van so 'n buro — Skr.).

Art 15 — De vereenigingen tot het verstrekken van hulp aan de krijgsgevangenen, welke volgens de wet van hun land regelmatig zijn ingesteld en ten doel hebben de tuschenpersonen te zijn voor het weldadigheidsbetoon, zullen binnen de perken door de militaire noodsakelijkheid en de administratiewe regelingen gesteld, van de oorlogvoerenden voor zich zelf en voor hunne behoorlijk gemachtigde agenten alle medewerking ontvangen om hunne menschlievende taak doeltreffend te kunnen volbrengen. De afgevaardigden van die vereenigingen zullen kunnen worden toegelaten tot het verstrekken van hulp in de depots van interneering, alsmede op de étappe-plaatsen der gevangenen, die naar hun vaderland terugkeeren, krachtens eene persoonlijke vergunning, afgegeven door

22. G. von Glahn, The occupation of enemy territory, pp. 33, 274. Minneapolis, 1957.
23. Publikasies van anti-oorlog organisasies soos How not to make peace; Conduct of the War in South Africa; The War in South Africa and the Hague Conventions.

de militaire autoriteit, en mits zij zich schriftelijk verbinden zich te onderwerpen aan alle maatregelen van orde en politie welke deze mocht voorschrijven.

Art 16 — De Bureaux van inlichtingen genieten vrijdom van port. De brieven, postwissels en geldwaarden, alsmede de postpaketten, bestemd voor de krijgsgevangenen of door hen verzonden, zullen vrijgesteld zijn van alle postheffingen zoowel in de landen van afzending en van bestemming als in de tusschengelegen landen.
De giften en ondersteuningen in natura, voor de krijgsgevangenen bestemd, zullen worden toegelaten vrij van alle invoeren of andere rechten, alsmede van de vrachtkosten op de door den Staat geëxploiteerde spoorwegen.

Art 20 — Na het sluiten van den vrede, zal de terugkeer van de krijgsgevangenen naar hun vaderland binnen de kortst mogelijken tijd moeten geschieden.

Art 23 — Behalve de verbodsbepalingen door bijzondere verdragen vastgesteld, is het met name ontzegd:

...

c. een vijand te dooden of te verwonden die, de wapenen nedergelegd of geene middelen tot verdediging meer hebbende, zich op genade of ongenade heeft onvergegeven;

d. te verklaren dat geen kwartier zal worden verleend;

e. wapenen, projectielen of stoffen te bezigen, die noodelooze smarten kunnen veroorzaken;

f. onrechtmatig gebruik te maken van de parlementaire vlag, de nationale vlag of de militaire onderscheidingsteekenen en de uniform van den vijand, alsmede van de onderscheidingsteekenen van het Verdrag van Genève;

g. Vijandelijke eigendommen te vernielen of in beslag te nemen, behalve ingeval dat vernielen of in beslag nemen door oorlogsnoodzaak gebiedend wordt gevorderd:

Art 25 — Het is verboden steden, dorpen, woningen of gebouwen die niet verdedigd worden, aan te vallen of te bombardeeren.

Art 28 — Het is verboden selfs eene stormenderhandgenomen stad of plaats aan plundering over te geven.

Art 32 — Als parlementair wordt beschouwd de persoon, die door een der oorlogvoerenden is gemachtigd om met den anderen in onderhandeling te treden en die zich met de witte vlag vertoont. Hij heeft recht op onschendbaarheid evenals de trompetter, hoornblazer of tamboer, de vaandeldrager en de tolk, die hem mochten vergezellen.

Art 44 — Het is verboden de bevolking van een bezet gebied te dwingen deel te nemen aan de krijgsverrichtingen tegen haar eigen land.

Art 45 — Het is verboden de bevolking van een bezet gebied te noodzaken trouw te zweren aan de vijandelijke mogendheid.

Art 46 — De eer en de rechten van het gezin, het leven der personen en de bijzondere eigendom, alsmede de godsdienstige overtuigingen en de uitoefening van de eere diensten moeten worden geerbiedigd.
De bijzondere eigendom kan niet worden verbeurd verklaard.

Art 47 — Plundering is uitdrukkelijk verboden.

Art 50 — Geenerlei gemeenschappelijke straf, in geld of van anderen aard, zal mogen worden uitgevaardigd tegen de bevolkingen op grond van persoonlijke handelingen, waarvoor zij in haar geheel niet als hoofdelijk aansprakelijk zouden kunnen worden beschouwd.

Art 52 — Requisitiën in natura en persoonlijke diensten zullen van de gemeenten of van de bewoners niet kunnen worden geëischt dan ter

voorziening in de behoeften van het bezettingsleger. Zij moeten in verhouding staan tot de hulpmiddelen van het land en van dien aard zijn, dat zij voor de bevolkingen niet de verplichting medebrengen om aan de krijgsverrichtingen tegen haar vaderland deel te nemen. Deze requisitiën en deze diensten zullen slechts met machtiging van den bevelhebber in de bezette plaats worden gevorderd. De leveringen in natura zullen, voor zoover mogelijk, dadelijk worden betaald; kan dit niet geschieden, dan zullen zij door ontvangbewijzen gestaafd worden.

Art 53 — Het leger, dat een gebied bezet, zal slechts in bezit kunnen nemen het gereelde geld, de fondsen en de invorderbare waarden, die aan den Staat toe behooren, de wapendepôts, vervoermiddelen, magazijnen en voorraden, en, in het algemeen, alle roerende eigendommen van den Staat, die van zoodanigen aard zijn, dat zij voor de krijgsverrichtingen kunnen dienen. Het spoorwegmateriaal, de landtelegraphen en de telephonen, de stoombooten en andere vaartuigen, behalve die, waarop het zeerecht van toepassing is, evenals de wapendepots en in het algemeen elk soort van oorlogsmunitie, zelfs toebehoorende aan partikuliere vereenigingen of personen, zijn eveneens middelen, die ten dienste van de krijgsverrichtingen kunnen strekken, maar zullen moeten worden teruggegeven en de vergoedingen zullen bij den vrede worden geregeld.

Art 55 — De Staat, die een gebied bezet heeft, zal zich slechts beschouwen als beheerder en vruchtgebruiker




**Die Deputasie in Europa wat verantwoordelik was vir die aansoek om arbitrasie. Agter: J. M. de Bruyn, Sekretaris van die afvaardiging; Charles D. Pierce, Tesourier, Boere Noodlenigingsfonds. Voor: A. D. W. Wolmarans, Afvaardiging, ZAR; Abraham Fischer, Voorsitter van die ZA Afvaardiging; C. H. Wessels, Agevaardigde, OVS**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

der openbare gebouwen, onroerende eigendommen, bosschen en landbouwondernemingen, welke aan den vijandelijken Staat behooren en zich in de bezette landstreek bevinden. Hij moet het grondkapitaal dier eigendommen in zijn geheel laten en die overeenkomstig de regelen van het vruchtgebruik beheeren.

Daar bestaan egter min rede om te glo dat sodanige regte prakties onaantasbaar is gedurende 'n oorlog waarin die bereiking van 'n spesifieke doelwit van allesoorheersende belang is. Schuman sluit hom hierby aan in sy meer aangehaalde boek (bladsy 132) as hy skryf:

"The rules designed to protect civilians, however, were in many instances ignored . . . These departures . . . are logically dictated by military necessity under the contemporary economic, social, and psychological conditions attending large-scale combats . . . new legal safeguards . . . are certainly to be brushed aside in modern wars of annihilation."




**De Czaar (tot Minister de Beaufort): Zoo staat daar dan eendelijk voltooid het grootsche gebouw, dat wij hebben gesticht. En gij de Beaufort, breng allen mijn hartelijken dank!**

## 'N LAASTE POGING OM INTERNASIONALE INTERVENSIE

Nadat die brief van 10 September algemeen bespreek is in koerante, was dit vir die deputasie duidelik dat hulle nie langs die weg hulp sou kry nie. Dit is insiggewend om daarop te let dat die sekretaris reeds in 'n brief gedateer 28 September 1901 vra of hulle nie "(nu het beroep op die Raad van 't Permanente Hof op niets uitloopt) een protest bij alle Regeringen ook bij Engeland zal indienen, prostesteerende tegen zoodanige handelingen, als in flagranten strijd met de wijze van beschaafde oorlog voeren, en met de Haagsche Convensie."[24]

---

24. W. J. Leyds, **op. cit.**, deel I, tweede band, No. 424. Sien ook **ibid.**, No. 459.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Dit sou hul finale amptelike beroep wees op 'n regverdige beoordeling van hul saak, of hulp ten einde die oorlog te beëindig. Nadat die beslissing van die Raad van Beheer bekend geword het, het die deputasie hulle vertoë aan die verskillende regerings begin voorberei. Blykbaar het hierdie briewe elkeen 'n individuele stempel gedra. Op 17/18 Desember 1901 is 'n brief in dier voege vir die koningin van Nederland voorberei. Hierin is verwys na die feit dat die deputasie se aansoek om arbitrasie misluk het uit hoofde van 'n beperking op die aktiwiteite van die Raad deur een klousule waardeur die werklike doel van die Raad gekortwiek word naamlik om oorlogsgeweld deur arbitrasie te vermy. Hulle betreur die feit dat Engeland nie bereid is om die oorsake van die verskil aan arbitrasie te onderwerp nie ofskoon die skrywers daarvan oortuig is dat 'n groot gedeelte van die Britse volk die onnodige lyding van vroue en kinders afkeur. As die aansoek by die Raad van Beheer 'n swak kans gehad het op sukses was hul versoek aan die Nederlandse koningin uit praktiese oogpunt beskou 'n onmoontlikheid. Die skrywers het naamlik om beslissing gevra ten opsigte van ". . . hetzelfde versoek . . . vroeger, maar tevergeefs, tot den Raad gericht."[25] Waar beide republieke reeds deur Engeland geannekseer was en gevolglik hulle internasionale status onseker gemaak het, kon enige derde party se voorstel tot Engeland oor arbitrasie as ongeregverdigde inmenging in binnelandse sake beskou word.

Die brief aan pres. Roosevelt van die Verenigde State van Amerika is enigsins anders bewoord. Die brief is in die naam van pres. S. J. P. Kruger gestuur en daarin word te kenne gegee dat alle hoop op intervensie nog nie verlore is nie. In lig van Amerika se beroep op Brittanje in 1900 wat geen vrugte afgewerp het nie, word dit nou duidelik gestel aan die Amerikaanse president dat hulle hom nie om intervensie nader nie maar slegs "om een woord te spreken — en één woord uit uw mond is genoeg — dat een einde zal maken aan die wijze waarop de oorlog tegen ons wordt gevoerd . . . als eene uitdrukking van de moreele verplichtingen, die de volkeren tegenover elkaar gevoelen."[26] President Roosevelt se antwoord stel die werklikheid duidelik. Hy spreek simpatie uit teenoor die ellende in Suid-Afrika maar verklaar dat Brittanje se antwoord twee jaar te vore "seems to indicate clearly that the interposition of this Government at the present time would be both unacceptable and useless . . . The President is convinced that at the present time no other course is open to him than that which his Government has hitherto consistently pursued."[27]

Hiermee is die hoop op buitelandse hulp aan die Republieke vir talle republikeine in Europa en Suid-Afrika wat op die wyse hul onafhanklikheid wou verseker, beëindig.

---

25. L. A. Band 97, lêer G.Z.R. 1241/02, konsep gedateer 17/18 Des. 1901. Versenddatum 4-1-1902.
26. Leyds, **op. cit.**, deel I, tweede band, No. 649 bylaag.
27. L. A. band 97, lêer G.Z.R. 1241/02, waarin memorandum van **Department of State**, Washington, 29-1-1902.